

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-2:3, 4

- 3 Hy het die lyde op Hom geneem, / wat nou ons hart van Hom vervreem;
en al die smarte wat ons pla, / het Hy gewilliglik gedra.
Maar ons het in sy ongeluk / gesien die hand van God wat druk,
wat, om sy lyde te verskerp, / Hom altyd dieper neer wou werp.
- 4 Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,
die straf uit swaarste regseding, / wat ons die volle vrede bring,
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1, 14 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o Heer!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 69:1, 3 (p. 342)

- 1 Help my, o God, want ek vergaan! / Ek het in modder ingegly / waar daar geen staanplek is vir my;
en oor my storm die waters aan. / Ek roep my hees, my oog versmag, / waar ek vergeefs op U bly wag.
- 3 Voor U alleen wil 'k skuld bely. / My dwaasheid, ag, die klaag my aan.
Maar laat om my beskaamd nooit staan / wie op U wag. U weet ek ly
en dra my smaad geduldig-stil / om U, o HEER, om U ontwil!

Gebed

Psalm 69:2, 9 (p. 342)

- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag, / vermeerder hul in tal en mag
wat my, onskuldig, neer wil vel. / Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!
- 9 Die smaad het my die hart gebreek; / ek beef en wag op medely; / maar tevergeefs, geen troos vir my.
Hoe ek al om erbarming smeek, / gal het hul my as spys gegee; / asyn – hul les my dors daarmee.

Skriflesing: Hebreërs 9:23-28; 1 Petrus 2:18-25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 15

Kernvers: 1 Petrus 2:21

Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg.
(1 Petrus 2:21 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d).

(a) Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Efes 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word (a) en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God, wat oor ons moes kom (b).

(a) Joh 18:38; Matt 27:24; Luk 23:14, 15; Joh 19:4. (b) Ps 69:5; Jes 53:4, 5; 2 Kor 5:21; Gal 3:13.

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), omdat die kruisdood deur God vervloek is (b).

(a) Gal 3:13. (b) Deut 21:23.

Tema: Christus het gely om ons van God se toorn, oordeel en vloek te verlos

Pyn, smart, lyding – ken ons dit nie almal nie, geliefdes in ons Here Jesus Christus? Ja, elke liewe dag sien en hoor ons daarvan op die TV, oor die radio, in die koerante: Mense ly honger en dors. Daar is moord en doodslag. En die mens het in 'n stadium gereken dat dit sal ophou. Nog erger is die feit dat ons in 'n groot mate afgestomp geraak het oor die lyding in hierdie wêreld. Ons hoor daarvan, maar dit gryp ons nie meer aan nie. Ja, ons bid nog dat daar 'n einde aan die lyding sal kom of dat die Here krag en deursettingsvermoë sal gee aan hulle wat ly. Dit is eers wanneer ons self of iemand naby aan ons pyn, smart en lyding beleef dat ons tot nadenke gebring word. Dit is in daardie stadium wat ons vrae begin vra, vrae soos: Hoekom gebeur dit? Waarom gebeur dit met my?

Is daar troosvolle antwoorde op hierdie vrae of moet ons maar net aanvaar dat ons in 'n stukkende wêreld vol hartseer en pyn leef? As ons maar net moet aanvaar dat ons in 'n gebroke wêreld leef, moes ons nie eers vandag hier bymekaar gekom het nie. Maar is daar dan troos? Ja inderdaad, hier in ons belydenis wat oor die verlossing van die mens handel – ons verlossing deur Christus se lyding heen. Luister hoe bely ons dit: Lees Sondag 15:37-39. Christus het vir elkeen van ons wat hier is, gely deur God se toorn, oordeel en vloek oor die sonde te dra. In ander woorde gesê: Christus het in jou en in my plek onder Pontius Pilatus gely en Hy is gekruisig. Maar hoe kan ons seker wees dat Christus in ons plek gely het? Het Hy regtig God se oordeel in ons plek gedra?

Petrus skryf onder leiding van die Heilige Gees hierdie woorde:

... omdat Christus ook vir julle gely het ... (1 Petrus 2:21a AFR53)

Ons kan dit anders sê, naamlik: Christus het ter wille van ons of in ons plek gely. Die pyn en smart wat ons moes ly omdat ons sondaars is en sonde doen, het Christus gely. En in Sondag 15 hoor ons dit soos 'n refrein opklink: **vir ons** of **vir my** in al drie die antwoorde. Hy het waarlik in ons plek gely. Voordat ons nou verder oor ons pyn, smart en lyding kan praat, moet ons eers kyk na die lyding wat Christus in ons plek verduur het.

Wanneer ons die gedeeltes in die Skrif lees wat Christus se lyding en kruisiging beskryf, sien ons die wraaksug en haat van die sondige mense teenoor Jesus raak. Ons wonder soms hoe die mense 'n onskuldige Man so tot die dood kon veroordeel, hoe hulle sulke bese planne kon bedink om Hom te kruisig. Ja, ons wonder en vra, maar dit is nie waaroor dit werklik in die evangelie gaan nie. In hierdie Skrifgedeeltes sien ware gelowiges agter die mense se bese werke God se werk raak. God neem sy Seun, sy volmaakte en regverdige Seun, die Een wat Hy liefhet, en plaas al ons sondes en ongeregtheid op Hom sodat Hy in ons plek vir ons sondes kan ly.

Wanneer en hoe het Christus vir ons gely? Ons bely: **Hy het na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde gely**. Die enigste Seun van God wat nooit enige sonde gehad of gedoen het nie, moes in hierdie verganklike wêreld tussen sondaars kom woon en werk. Hierdie wêreld – vol ongeregtheid, haat, afguns, moord, enige denkbare sonde – moes vir 'n tyd lank Christus se woon en werkplek wees. Vir ons sondaars is dit onmoontlik om ons voor te stel watter lyding Christus moes verduur deur net die sonde en die gevolge van die sonde te sien. Hy is waaragtig God en Hy is heilig. En om elke hoek en draai was die sonde voor Hom. Daarom kan ons sê dat Christus van sy geboorte af gely het, maar dit is eers aan die einde van sy lewe op aarde dat hierdie lyding vir ons duideliker sigbaar word en verskerp het.

Petrus skryf juis vir die bediendes dat Christus onverdiend gely het. Hy het nie net aan sy liggaam gely nie, maar ook in sy siel. Hy het geestelik gely. Om die sonde te gesien het en daarvoor te staan te gekom het, was 'n wrede sielelyding vir die heilige Seun van God. Maar dit is veral aan die kruis waar Hy die ergste in sy siel gely het. Daar het Hy nie alleen die pyn van die sonde in sy siel gevoel nie, maar waarlik God se toorn oor die sonde in sy siel gevoel. Daar het God sy enigste Seun verlaat. Dit is die lyding wat ons verdien het, maar Christus het dit vir ons gedra.

Christus het die volle toorn en gloed van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra toe sy Vader Hom verlaat het. God se toorn was so groot teen die sonde omdat sonde 'n verskriklike misdaad is wat ons teen God pleeg. Die mens het in opstand teen God gekom. En Christus het die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra. Christus het nie net die toorn van God vir enkele sondes van die mense aan die kruis gedra nie. Hy het die toorn van God teen al die sondes van alle mense gedra.

Beteken dit nou dat alle mense salig is? Nee, beslis nie. Christus se offer het oneindige krag en waarde en is heeltemal genoeg om die hele wêreld se sonde te versoen. Maar sy offer is slegs effektief vir hulle wat waarlik in Christus glo. Die mense wat ware kinders van God is, glo dat Christus ten volle vir hulle sondes betaal het. En die vrug van hierdie geloof maak Christus met hierdie woorde aan ons bekend: Die mense wat in die Seun van God glo, sal nie verlore gaan nie, maar sal die ewige lewe hê (Joh 3:16). Dit is wat ons met die woordjie *gely* bedoel.

Om te verstaan hoe groot die offer van Christus was, moet ons na die boek Hebreërs blaai. Daar hoor ons dat Christus Homself net eenmaal geoffer het vir die sondes van die mense, want Hy het dit met sy eie bloed gedoen. Nooit weer sal Hy en hoef Hy so te ly as wat Hy gely het nie. Daarom is sy lyding die enigste versoeningsoffer. Met hierdie woorde beklemtoon ons dat Christus se offer voldoende is vir al die sondes van alle mense. Daar kan nie nog 'n offer of 'n beter offer gebring word as die een wat Christus geoffer het nie. Hy sal dit nie herhaal nie.

Broers, susters en kinders, as ons dit glo en bely, moet ons ook daarvolgens leef. Hoe kan ons dit doen? Hier is een moontlikheid. Is ons nie soms geneig om te sê dat ons hierdie verskriklike sonde gedoen het waarvoor ons nie vergewe kan word nie? En dan werk dit so verwoestend op ons lewens in. Ons raak depressief of raak los van die Here se kerk en later selfs los van die Here. Ons bely ons sonde voor God, maar in ons hart bly ons sê dat dit 'n te groot sonde is om vergewe te word.

Wat doen ons met so 'n optrede? Ons sê daarmee dat Christus se enigste versoenings-offer nie genoeg is vir hierdie een enkele sonde nie. Dan verskraal ons Christus se offer en ons sien onself as so magtig dat ons 'n sonde kan doen waarvoor Christus nie versoening kan doen nie. Laat ons daarmee ophou en ons eerder bekeer. Christus

het gely. Hy is die enigste en volmaakte versoeningsoffer, want Hy het God se toorn teen die sonde ten volle aan die kruis gedra.

Verder sê Petrus:

“Hy [Christus] het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie.” (1 Petrus 2:22 AFR83)

Selfs toe die soldate spottend om Hom gedans en Hom beledig het, het Hy hulle nie terug beledig nie. In sy lyding het Hy hulle nie eers met sy Goddelike almag bedreig nie. Nee, geheel en al onskuldig het Hy die lyding ook in die onregverdige veroordeling van mense verduur.

Dit was egter nie net die gewone mense op straat en die soldate wat Christus veroordeel het nie. Selfs Pontius Pilatus, die verteenwoordiger van die keiser in Palestina, het Christus veroordeel. Pilatus was die wêreldse regter in die mees regverdige regstelsel van die eerste eeu. En op grond van die verhoor het Pilatus tot drie maal toe gesê: *Hierdie man is onskuldig* (Lukas 23:4, 14, 22). Hieruit is dit duidelik dat Christus nooit 'n aardse misdaad gepleeg het nie.

Maar Pilatus het tog op die ou end Christus veroordeel. Daar is verskeie redes wat aangevoer kan word hoekom Pilatus vir Christus einde ten laaste veroordeel het. Hy het guns by die volk gesoek en hy was besorg oor sy vriendskap met die keiser. Maar weereens maak die Heilige Gees ons oë oop om te sien dat God ook hier aan die werk is.

God gebruik juis Pilatus se selfsug en eie belang om sy Seun deur 'n wêreldse regter onskuldig te laat veroordeel. Pilatus het Christus as net nog 'n Jood gesien, maar met ons geloofsoë sien ons dat God ons sondes aan Christus as ons Middelaar regverdig oordeel. God is die regverdige Regter wat die sonde nie verdra nie. Daarom is die onregverdige oordeel van Pilatus oor Christus, dieper gesien, die regverdige oordeel van God oor die sonde.

Elkeen van ons het in die beskuldigdebank voor God gestaan en ons het geweet watter straf op ons wag – die ewige dood. Maar Christus het gekom en vir jou en my uit die beskuldigdebank gehaal en self daar gaan staan voor God. Omdat die mens gesondig het, veroordeel God die sonde van die mens in sy Seun wat mens geword het. En ons mag vry uitgaan. Ons is vrygespreek. God het sy streng oordeel op sy Seun laat afkom. Daarom weet ons verseker dat God nooit sy streng oordeel sal laat afkom op ons wat in Christus glo nie. Christus het die oordeel van God eens en vir altyd in ons plek gedra.

Goed, Christus het in ons plek God se toorn en oordeel gedra. Maar is daar 'n duidelike

versekering dat Christus dit werklik vir jou en my gedoen het? Ja! Christus is ter wille van ons as 'n vervloekte behandel. God die Vader het sy geliefde Seun aan 'n kruis laat sterf. Die mense het baie pogings aangewend om Christus dood te maak, maar nie een het geslaag nie. Nie een van hulle pogings was in God se Raad nie, want die mens is as sondaar eintlik vervloek voor God. Daarom moes Christus ons Middelaar en Verlosser soos 'n vervloekte sterf.

In die Nuwe-Testamentiese tyd is veroordeelde misdadigers aan 'n houtkruis vasgespyker om te sterf. Reeds in die tyd van Moses leer God dat 'n veroordeelde misdadiger aan 'n houtpaal opgehang moet word. En dan voeg die Here by:

... want een wat opgehang is, is deur God vervloek. (Deuteronomium 21:23 AFR53)

Onder die Romeinse regering het die houtpaal 'n houtkruis geword. Terdoodveroordeeldes is deur hulle hande en voete aan die kruis vasgespyker om tussen hemel en aarde te hang totdat hulle dood is.

Dit was die allerverskriklikste dood om te sterf. Maar juis hierdie allerverskriklikste dood aan die kruis is vir ons gelowiges 'n versekering vanuit die Ou en die Nuwe Testament dat Christus in ons plek 'n vervloekte geword het. Om te weet wat *vervloek* beteken, moet ons dit vergelyk met *geseënd wees*. Om deur God geseënd te word beteken dat God jou sal versorg, beskerm en bewaar al die dae van jou lewe, en hierdie seëninge loop uit in die ewige lewe saam met God. Seëninge van God is die sigbare tekens van God se liefde en trou vir die mens. Die teenoorgestelde hiervan is om nooit deur God versorg, beskerm en bewaar te word nie. Hy laat so 'n mens, 'n vervloekte mens, aan sy eie lot oor en dit loop uit in die ewige alleen wees, weg van God af. Anders gesê, om vir ewig en altyd geheel en al van God verlaat te wees. Dit is nie net die kruishout wat ons verseker dat Christus vervloek was nie. Christus sê dit self aan die vloekhout:

My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46b AFR53)

Christus was aan die kruis geheel en al van God verlaat, want Hy het God se toorn en oordeel oor die sonde van mense volkome gedra.

Geliefdes, ons bely dat Christus in ons plek God se toorn en oordeel gedra het. Ja, ons bely elke Sondag dat Christus in my en jou plek 'n vervloekte geword het. Maar wat doen hierdie belydenis aan ons? Is dit maar net nog 'n Christelike waarheid wat ons moes ken om belydenis van geloof te doen? As dit die geval is, is ons belydenis maar eintlik nuttelos – leë woorde om ander mense te beïndruk. Nee, hierdie belydenis van ons moet nie net in ons verstand vassteek nie. Dit moet in ons hart insny en daar 'n vastrapplek kry. Dit moet so in ons hart vassteek dat dit ons hele lewe beheers. Dit moet ons lewe so beheers dat ons nie anders kan as om dankbaar te wees en as dankbare verlore mense te leef nie. Ons optrede, woorde en gedagtes moet so deur hierdie belydenis beheers word dat oor alles wat ons doen ons hierdie banier kan plaas: Ons is vry van God se toorn, oordeel en vloek, want Christus se lyding en sterwe aan die kruis is die waarborg daarvan!

Wanneer hierdie belydenis nie meer net woorde op papier is nie maar regtig my en jou belydenis is, sal die troos wat Christus ons deur sy Gees met hierdie woorde gee ons deur die lewe dra. Die mens wat waarlik in Christus glo, die mens wat weet en vertrou dat Christus ook vir hom en haar die toorn en oordeel van God gedra het, kan verseker weet dat die Heilige Gees die geregtigheid en die ewige lewe sy en haar eiendom sal maak. En hoe meer hierdie geloof in 'n mens se hart 'n vastrapplek kry, hoe meer kan ons in die voetstappe van Jesus volg wanneer ons ook lyding, smart en pyn ervaar. Dan sal ons weet dat die swaarkry wat ons onverdiend ervaar beslis nie God se toorn en oordeel is wat

Hy op ons laat afkom nie. Hy sal nooit in der ewigheid sy toorn en oordeel weer op sy kinders laat afkom nie, want sy Seun – ons Verlosser – het dit klaar in sy kinders se plek gedra. Christus is deur God 'n vervloekte gemaak sodat ons nooit weer onder die vloek sal wees nie.

En hierdie sekere wete is vir ons die troos wanneer ons dan ook smart, pyn en lyding beleef. Wanneer ek met 'n ongeneeslike siekte gediagnoseer word, is dit nie oor 'n sonde wat ek gedoen het nie, want Christus het die straf klaar op my sonde gedra. Die siekte is maar net een van baie maniere wat die Here kan en wil gebruik om Homself in my te verheerlik en my uiteindelik by Hom op te neem sodra die Heilige Gees se werk van heiligmaking in my voltooi is en Jesus my plek in die Vader se woning gereed gemaak het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 50:7, 11 (p. 255)

- 7 “Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uit help, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer.”
- 11 “Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hy is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Januarie 2014